
AMOS 5:6-13 : GODSDIENS WAT 'N RONDE NUL BETEKEN

No. E260

Die noordelike tienstammeryk - Israel - het na die dood van Salomo van die godsvolk weggeskeur. Hulle het nog daarin geroem dat hulle Jahweh aanbid - en hulle was godsdienstig nog baie aktief. Veral by drie aanbidingsplekke het hulle gereeld vergader: Bet-El, Berseba en Gilgal. Maar hulle aanbidding was formalisties en vals.

Die profeet Amos is soontoe gestuur en spreek nou hierdie tragiese toedrag van sake nogeens aan. Hier in hoofstuk 5 fokus sy kritiek op hierdie drie aanbidingsplekke. Vantevore (E99) het ons aandag geskenk aan die drie sentra gesamentlik (5:1-5).

In die res van die hoofstuk brei Amos verder uit oor die redes waarom Israel se aanbidding God so vertoorn - en nou werk hy met elke sentrum afsonderlik. Eerstens kyk ons nou na *Bet-el* (6-13).

Bet-el beteken "huis van God". Jare vantevore het Jakob twee keer daar oorgeslaap en lewensveranderende ontmoetinge met Jahweh gehad. In die eeue daarna sou Bet-El vir die volk die betekenis inhou wat dit vir Jakob gehad het: *lewe en toekomshoop*. So het dit vir die noordelike 10 stamme 'n belangrike aanbidingsplek geword.

Amos spreek Israel se sondes aan

Natuurlik is daar veel meer wat Amos kan uitwys. Maar hy fokus op 'n paar sondes wat die Here by uitstek vertoorn.

- Volgens v.10 word diegene wat die reg in waarheid in die poorte spreek, in die samelewing gehaat. Ook is daar nie geduld met getuies wat die waarheid praat nie. Die volk soek dus nie die

waarheid nie. Hulle wil hê hulle sondes moet goedgepraat word.

- Voorts word die armes ter wille van eiebelang vertrap en uitgebuit (11-12). "*Waarom gaan werk hy nie eerder nie; nou bedel hy*", is die verskoning. Maar kyk hom volgende keer bietjie mooi in die gesig. Sou jy met sý IK kon werk kry? Onthou, vir elkeen met 'n telling van 100 plus, is daar een met 'n IK van onder die 100. Ons kampsusse wemel van 130 plussers, en vir elkeen van hulle is daar een met 'n IK van 70 of minder.

Destyds was dit al so. En die Here het geweet.

- Korrupsie en omkoperij was aan die orde van die dag. 'n Armes kon nie betaal nie; maar as iemand geld in die hand gehad het, het alles natuurlik dadelik verander. Hedsug was hulle sonde.

'n Tragiese teenstrydigheid

- Die agt verse waarna ons kyk, word beheers deur v.8-9. God, die onveranderlike, laat alles óm Hom voortdurend verander.

Die "Sewester en Orion" is sterrestelsels, en in die antieke tyd het mense die seisoensveranderinge aan die wisselinge van hierdie konstellasies gekoppel. Voorts verander die nag in dag, en dan weer die dag in nag. En so hou dit deur die eeue aan - met matematiese presiesheid.

Dan is daar die verbysterende wonder van die watersiklus. Dag na dag word miljoene ton water uit die see na die land toe gedra, waar dit dan sagkens uitgesprinkel word - om rustig na die see terug te vloei. En in die proses word alle lewe op aarde in stand gehou.

Dit alles is die werke van God die Almagtige!

Selfs agter die kom en gaan van stede en beskawings - die historiese getye - sit Sy almagtige hand (9).

- Die volk roem dat hulle Jahweh gereeld by Bet-El ontmoet - Hy wat alles om Hom voortdurend verander. Maar hulle bly jaar in en jaar uit dieselfde.

Hulle oortredings is hoog opgestapel; hulle sondes groot (12a). Vir seker kan alles nie plus wees nie. Hulle godsdienst mag indrukwekkend lyk. Hulle mag hulleself wysmaak dis presies wat Jahweh wil hê - maar waarom het dit geen effek in hulle lewens nie? Sonder bekering en liefde vir God en die naaste beteken alles niks nie.

- Daar kan geen twyfel bestaan oor God se empatie met die armes en magteloses nie. Die Bybel is vol daarvan. By uitnemendheid het dit gegeld vir die ellendiges wat deel was van die verbondsvolk. Oor en oor deur die eeue het God se profete daarom die verbondsvolk aangespreek oor hulle ongevoeligheid teenoor hierdie mense in hulle midde. Maar ten spyte daarvan is die magteloses maar weer en weer in die Israelitiese samelewing uitgebuit en verontreg. En die Israel wat nou deur Amos aangespreek word, is geen uitsondering nie.

Weerskante van v.8-9 word 'n volk beskryf wat die swakkes en behoefdiges uitbuit en vertrap (7, 10-12, NAV). Kennelik het hulle sogenaamde ontmoetings met God by Bet-El - die God wat alles voortdurend verander - geen effek op hulle lewens nie. Die lewensveranderende krag waarvan die aanbidingsplek spreek, is heeltemal afwesig.

- Die fout het nie by die God van Bet-El gelê nie; ook nie by die beloftes waarvan Bet-El gespreek het nie. Nee, die probleem was die volk se halstarrige weerstanning van verandering. *Amos ontmasker 'n godsdienst wat niemand se lewe transformeer nie.*

Die volk se pelgrimstogte jaar na jaar Bet-El toe was dus tevergeefs. Want hulle het voortgegaan om reg en geregtigheid te vertrap. Hulle het geweier om hulle te bekeer. Hulle wou nie verander nie.

God se oordele oor vals godsdienst

Verse 6 en 11b spel God se oordele uit.

Vers 6 waarsku dat God se oordele die volk soos 'n onuitbluslike en verterende vuur sal tref indien hulle hul nie bekeer nie.

Volgens v.11b sal die mense pragtige huise met

groot sorg bou, maar dit sal tot niks kom nie, want hulle sal dit nooit bewoon nie. En wingerde sal hulle aanplant, maar die oes nooit smaak nie.

Hierdie oordeelsuitsprake sinspeel waarskynlik op die komende ballingskap (5).

Wat sê dit vir ons?

1. 'n Lewe van sonde loop altyd uit op mislukking en God se oordele.

Ja, 'n sondige lewenstyl lei soms tot rykdom. En rykdom koop al die plesiere van hierdie wêreld. Maar die huis wat dit bou, word uiteindelik nie bewoon nie. En die wingerd wat dit plant, lewer geen vrug op nie.

As die ouderdom kom, word die vleeslike opwinding van vroeër soos stof in jou mond - leeg en sinloos. As die dood onafwendbaar nader kruip, wil mens verwagting en sekerheid oor die ewigheid hê, nie verwyte oor 'n vermorste lewe nie.

Voorts lê die vreugde van die ouderdom tot 'n groot mate in die adel van jou kinders en kleinkinders. Maar 'n lewe buite die ordes van God lei selde tot 'n nageslag op wie jy trots kan wees.

En dan natuurlik is daar dit wat ná die dood volg. Oor en oor beklemtoon God se Woord dat 'n lewe van sonde altyd uitloop op die ewige verdoemenis.

2. Wanneer sonde te erg raak in 'n samelewing, kom daar 'n tyd wanneer gelowiges hulle moet afskei daarvan

Natuurlik word Christene geroep om sout en lig in die wêreld te wees. Maar daar is ook so iets soos 'n heilige afskeiding van 'n Godonterende samelewing. Laasgenoemde gebeur wanneer daar eenvoudig geen salf meer aan die verval en morele verrotting om jou te smeer is nie - en wanneer betrokkenheid daarby jou noodwendig tot kompromieë en wêreldgelykvormigheid verlei en besoedel.

Dit was helaas die situasie in die ou Israel voor die Assiriese ballingskap. Daar kom soms 'n tyd wanneer "verstandige" mense soos die drie apies word wat hulle monde en oë en ore toedruk. Dit is wat in v. 13 beskryf word. Natuurlik hou voorbidding in sulke tye nie op nie.

Nog belangriker as diegene om my se heiligmaking, is my eie wandel met die Here.

Ware gelowiges sal die ou gesegde ernstig opneem dat, as ek my wysvinger lig om 'n ander se sonde uit te wys, daar drie vingers na my toe wys. Mens behoort gladnie ingestel te wees op hoe jou broers en susters leef nie. Laat ons dus maklik vir andere die voordeel van enige twyfel gee wat mag bestaan, Ek moet eintlik net van hulle sonde bewus raak as dit so in my oë begin spring dat ek dit nie meer kan ignoreer nie. Dán, natuurlik, het ek 'n klinkklare Bybelse roeping (Mt 18:15-20).

Iemand wat 'n egte ontmoeting met God gehad het, rig sy lewe in volgens die beginsels van Sy Wet en Sy waarheidswoord. So 'n persoon vra dus baie gereeld die vraag: "Wat wil die Here hê? Hoe lyk 'n lewe van geregtigheid volgens Sy Woord? Lewe ek in waarheid en eerlikheid voor Sy aangesig?"

En natuurlik, 'n ware gelowige sal altyd rekening hou met die moontlikheid dat hy homself mislei. Baie dikwels sien ander mense sonde in my lewe raak lank voordat ekself daarvan bewus raak. Daarom sal iemand wat ernstig daarvoor is om heilig voor die Here te leef, gereeld bid dat die Heilige Gees hom sal sensitief maak vir sy eie sonde.

Ten slotte

Vanuit die negatiewe verwyte hier in Amos, volg o.m. 4 praktiese fassette van 'n godvrugtige lewe.

1. Bid gereeld om die Heilige Gees se werk in jou lewe - in die besonder Sy oortuigingswerk. Die volk se oortredings was baie; hulle sonde groot (12a). Ten spyte van al hulle godsdienstigheid en aanbidding, het hulle sonde hulle gladnie gepla nie. Met hulle toewyding aan God moes daar vir seker iets baie drasties geskort het.

Sonder twyfel was dit hulle sonde en selfvoldaanheid. Niks bedroef die Gees meer as dit nie. En as Hy hom dan onttrek aan mense is selfbedrog en -misleiding onvermydelik.

2. 'n Ingesteldheid op ander se belange.

Volgens v.11a is die armes ter wille van eiebelang vertrap. Die tipiese benadering in die samelewing was: *ander is daar om gemelk te word*. Daarenteen, as iemand werklik innerlik herskep word, verander sy lewensgesteldheid radikaal. Onthou, as Christene is ons roeping onontkombaar om voetwassers te wees.

3. 'n Lewe van uitdeling.

Korrupsie en omkoperij was destyds in Israel aan die orde van die dag. Voorts is die armes vertrap en uitgebuit (12b). Diegene wat niks gehad het om te gee nie, is "weggestoot", maar as iemand geld in die hand gehad het, het alles verander. Die worteloorzaak van hierdie dinge is natuurlik hebsug. Daarenteen is elke herskepte 'n uitdeler. En min dinge behaag ons Hemelse Vader méér as dit.

4. Vreemdelingskap.

Dis onafwendbaar: as jy radikaal gehoorsaam aan God wil leef, sal jy 'n vreemdeling en bywoner in hierdie wêreld wees. Maar vir 'n ware gelowige is dit 'n geringe prys om te betaal. Om jou geliefde Verlosser te eer en te gehoorsaam, is en bly immers jou *summum bonum* - jou hoogste goed.

Slot

Die sondes wat in hierdie paragraaf aangespreek word, is maar enkeles van talle wat genoem sou kon word. En gewis was daar veel méér sondes in Israel se volkslewe. Maar die beginsels wat die teks na vore bring, geld in elke eeu en elke situasie.

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.
- E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906